**BYLAE A**

## BESPARINGSMAATREËLS TEN OPSIGTE VAN MUNISIPALE DIENSTE

### ELEKTRISITEIT

(i) Buiteligte moet gedurende die dag afgeskakel wees.

(ii) Slegs wanneer natuurlike lig onvoldoende is, moet klaskamerligte gedurende die dag aangeskakel word.

(iii) Slegs die sekuriteitsligte en die hoekklaskamers se ligte moet saans aangeskakel word.

(iv) Gedurende naweke en skoolvakansies moet bogenoemde ligte (kyk (iii)) saans aangeskakel en soggens afgeskakel word.

(v) Die installering van meters vir voorafbetaalde elektrisiteit moet oorweeg word aangesien skole beter beheer oor hul gebruik van en besteding aan elektrisiteit sal kan uitoefen. Eskom en die meeste ander munisipaliteite het aangedui dat dit vir hulle moontlik sal wees om hierdie meters te installeer.

### WATER

(i) Munisipale waterbeperkings, soos van tyd tot tyd deur plaaslike owerhede uitgereik, vervang enige ander vereistes en moet, behalwe enige ander riglyne, streng nagekom word.

(ii) Watersproeiers moet spaarsaam gebruik en toegedraai word wanneer grasperke en blombeddings nat genoeg is. Daar is diensverskaffers wat waterbeperkingsmeters installeer. Daardie opsie moet deur skole oorweeg word.

(iii) Die watertoevoer na openbare toilette en krane buite die geboue kan met behulp van afsluitkrane afgesluit word wanneer dit nie benodig word nie, byvoorbeeld ná skoolure en veral oor naweke.

(iv) Personeel moet seker maak dat alle krane behoorlik toegedraai is voordat hulle die skoolterrein verlaat.

(v) Toevoerpype en watermeters moet gereeld vir moontlike lekkasies en foute getoets word. Die volgende prosedure moet gevolg word:

- Wanneer die skool vir die dag sluit, maak seker dat alle krane toe is en neem die meterlesing.
- Neem weer 'n meterlesing die volgende oggend voordat enige krane oopgedraai word.
- Vergelyk die lesings en, indien dit verskil, doen die volgende stappe:
    - Wanneer die skool die volgende dag sluit, draai die afsluitkrane toe en neem die meterlesing.
    - Neem weer 'n lesing die volgende oggend voor die afsluitkrane oopgedraai word.
    - Indien die lesings steeds verskil, dui dit daarop dat die watermeter foutief is of dat daar 'n pyplekkasie is.
    - Tref onmiddellik reëlings vir die herstel van die foutiewe watermeter en/of pyp.

(vi) Hierdie waterbesparingsmaatreëls moet saam met Infrastruktuurbeplanning- en eiendombestuurminuut 0001/2020 van 08 Junie 2020 gelees word.

### VULLISVERWYDERING

Monitor die getal vullisdromme wat gebruik word. Plaaslike owerhede hef gewoonlik 'n tarief per drom. Dit is dus belangrik om so min vullisdromme as moontlik te gebruik. Daar kan ook oorweging geskenk word aan die aanstelling van 'n privaat kontrakteur om die skool se vullis te verwyder.